# SARS LÊ BESLAG OP 11 VALSLIK-VERKLAARDE LAAIKISTE

**Tshwane, Woensdag 8 Junie 2022** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), deur sy Doeane en Aksyns se nasionale blitsreaksiespan, het beslaggelê op elf (11) valsverklaarde besendings klerasie wat as skoeisel verklaar is, met 'n verlieswaarde van R3 miljoen aan die fiskus.

Die doeanespan het fisies die 11 laaikiste en die stawende dokumente geïnspekteer, en die besendings as valsverklarings deur twee invoerders bevind. Die invoerders het dit valslik as skoeisel verklaar.

'n Saak van bedrog is teen die invoerders geregistreer by die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), wat verder met SARS 'n gesamentlike ondersoek sal las.

SARS wil sy waarskuwing aan nienakomende handelaars en klaringsagente benadruk, om die praktyk van valsverklarings, en poging om die regering te bedrieg uit dit wat aan die fiskus verskuldig is, te laat staan.

SARS-kommissaris mnr. Edward Kieswetter het die pogings deur doeane-beamptes geloof. Hy het gesê: "Die boodskap aan nienakomende handelaars en klaringsagente moet tot die punt wees dat, soos vereis deur ons strategiese oogmerke, volhard SARS in die versterking van sy opsporingskapasiteit. Ons sal dit moeilik en duur maak vir sodanige belastingpligtiges wat opsetlik en misdadiglik deel het aan nienakomende optrede."

Vir medianavrae, kontak asseblief SarsMedia@sars.gov.za.